# 23 Desember 2021 - Lesing 19 - Die verskuilde “donkie/esel” simboliek vir die Dogter van Sion in Elohim se Woord

### Die konsentrasiekamp gedenkterrein in Irene, Pretoria:

***Voorafgaande gebeure:***

Op 7 November 2008 het Anelda opdrag van JaHshua ontvang dat sewe persone op 17 November 2008 met JaHshua se Krag, gekluisterde siele moes gaan vryspreek by die **konsentrasiekamp–kerkhof in Irene**, Pretoria. In die uitvoer van Sy Woord sou JaHshua Sy Verbond met Sy volk, naamlik “Verlossing”, weereens gestand gedoen. Die opdrag en datum is deur JaHshua bevestig. Sewe persone is deur JaHshua aangewys. JaHshua het Homself as Ekspedisie-leier en agtste lid van die groep aangewys. Ons moes reeds op 16 November 2008 om 12h00 vertrek, soos die opdrag gelui het en elke een moes self verdere opdragte van JaHshua in ontvang en uitvoer.

Die opdragte het ‘n klipstapeling, salwing en gebed ingesluit. Marietha moes drie klippe vanaf die Herberg saamneem: ‘n Hartvormige klip wat 17 jaar gelede opgetel is en van die plaas Uitkyk in die Middelburg-distrik kom, ‘n klip in die vorm van ‘n spiespunt waarvan die vorm en antieke geskiedenis deur JaHshua self bevestig is. Hierdie inligting is deur Woord van JaHshua bevestig. Die laaste klip het ‘n halfmaan-vorm en kom van die plaas Boschfontein in die Lydenburg-omgewing. Hierdie klippe moes tydens salwing by die gedenkteken teenwoordig wees, maar mag nie by die gedenkteken agtergebly het nie.

***Vertrek vanaf die Herberg:***

Die groepie het na handoplegging deur die gemeente van ongeveer 50 lede op 16 November 2008 om 12h00 vertrek na Pretoria. Bo-op die Steenkampsbergpas het hulle opdrag gekry om te stop en elkeen ‘n klip op te tel. JaHshua het vir Johannes gesê dat ‘n spesiale klip vir JaHshua opgetel moes word. Hierdie klip is eers ‘n entjie verder by ‘n fonteintjie wat uit die berg ontspring, gevind.

***Gebeure by die Konsentrasiekamp-kerkhof te Irene:***

Die groepie moes op 17 November 2008 om 10h00 by die kerkhof wees. Kobie het van JaHshua opdrag ontvang om spierwit aan te trek. Net voor die Kerkhof moes hulle stop, waar Johannes drie takkies moes sny van ‘n struik wat vol spierwit blommetjies was. Kobie moes dit vleg in ‘n kransvorm. Die opdrag deur Anelda, reeds op die Herberg ontvang, was om ‘n grafsteen te soek met die naam A.C. Marais en voor daardie graf vir die verlossing van die gestorwe gekluisterde siele te bid.

Die gedenkterrein-konstruksie is in die vorm van ‘n T, waar al die name op die T se strepie voorkom. Die T is in twee gedeel, waarna daar ‘n blok volg, wat twaalf panele het met sestien rondom. Die laaste gedeelte is ‘n groot blok. Die groepie moes in dieselfde vorm gestaan het om te bid. Johannes moes in die oostelike rigting kyk en Kobie moes na hom kyk in die westelike rigting. Hulle moes hande vashou, soos in ‘n sirkel-vorm. Die silwer Boek van Herinnering moes tussen hulle op die grond lê, ook in ‘n oostelike rigting. Die kransie wat gevleg was, moes op Kobie se kop geplaas word, waarna Anelda aan Kobie se regterkant moes staan en in ‘n Noordelike rigting kyk en Marietha aan die linkerkant, na die Suidelike rigting, om sodoende ook aan die sirkel te raak. Frans, Herman en Dawid moes ook elkeen in ‘n ander rigting kyk en mekaar se hande vashou, terwyl hulle aan die kring raak.

Om 10h15 bid Johannes vir die vrylating van die gestorwe gekluisterde siele, waartydens ‘n wolk voor die son inskuif en die son eers weer skyn met die “Amen”. Johannes het geestelik ervaar asof ‘n groot bottel of fles oopgemaak word en al die geeste van die gestorwenes **uit konsentrasie-kampe regoor Suid-Afrika** loskom in die vorm van mistige duiwe op daardie oomblik. Dit was ‘n groot belewenis vir hom.

Die spiespunt-klip is aanvanklik deur Frans, in opdrag, by die gedenksteen geplaas. Daarna moes hy dit by die gedenkrol van name van gestorwenes bo 15 jaar neersit. Vader het hier vir hom die volgende woorde gegee: “***Soos ‘n spies in vlug onkeerbaar is, so word almal vry in JaHshua***.”

Daarna moes ons al die klippies wat ons saamgebring het bo-op die gedenkteken pak, onder andere die klippe wat lyk soos ‘n hartjie en halfmaan. Nadat al die klippe gepak was, is die wit blommekransie bo-op die klippe gelê en is gesalf.

Daarna moes Johannes, Kobie en Frans langs mekaar staan en na die Ooste kyk, terwyl hulle die Gelofte aflê. Die ramshorings is na al vier rigtings geblaas.

Marietha en Anelda het opdrag gekry om hande te gaan oplê op sekere grafte. Oppad daarheen sien Anelda in die gees ‘n vrou met ‘n bolla voor haar, asook ‘n beeld van klipharte in ‘n louteringsvuur. JaHshua het aan haar verduidelik dat dit die loutering is wat die gevange siele vrygemaak het. Toe Anelda en Marietha hulle hande op die grafte gelê het, het ‘n donker wolk bo hulle verhelder en die son het opnuut duidelik geskyn in die hemele. Daarna het Anelda in die gees gesien dat die kinders by JaHshua is, waar hulle speel en in die groen gras huppel. Daar was vlinders tussen hulle in die beeld. JaHshua het na hulle gekyk, maar hulle kon Hom nog nie sien nie.

***Gebeure op Kerkplein in Pretoria:***

Na die opdragte voltooi was by Irene Kampkerkhof het ons vertrek na Kerkplein in Pretoria. Kobie moes twee dennebolle optel en ‘n wit Agapanthus-blom, asook verskeie ander wit blommetjies pluk om saam te neem na Kerkplein. JaHshua het oppad daarheen aan Kobie

twee beelde gewys in die wolke. Altwee was dié van uitgeteerde konsentrasiekamp-kinders en die een het soos Lizzy van Zyl gelyk.

Voordat Kerkplein met die bewegende voertuig binnegery is, is daar eers gebid en daarna een maal daarom gery, waartydens Johannes gebid het vir die vrylating van die Boere-gevangenes. Die blommeruiker is by die Hofkant van die Plein uitgegooi, in opdrag van JaHshua.

***Gebeure by die klipstapel van 29 Oktober 2008 op die Magaliesberge:***

Hiervandaan is na die Magaliesberg-reeks vertrek. Die bussie het gemaklik opgery teen die munisipale geplaveide baksteen-oprit teen die berg, tot byna dertig meter van die stapel af. Johannes, Kobie en Frans moes hier, soos op 29 Oktober 2008 in 'n kring rondom die klipstapel staan, waar die Gelofte weer afgelê moes word. Die ramshorings is in al vier windrigtings geblaas. Hierna het al sewe persone met die bussie tot bo-aan die berg gery, waar nog opdragte deur die groep uitgevoer is. Die terugkeer na die Herberg het eers die volgende dag gevolg, soos deur JaHshua deurgegee.

***Die Geskiedenis van die spiespunt-klip deur JaHshua aan Marietha vertel:***

Meer as agt jaar gelede, Ek kan vir jou die presiese dag en datum en tyd gee, maar dis nie noodsaaklik nie, het jy en jou suster 'n baie spesiale klip opgetel wat later 'n groot rol sou speel wat julle kon geweet het nie. Julle het wel geweet dat die klip 'n spiespunt is, want Ek het dit so vir julle ingegee.

In die tyd voor Adam en Eva het daar prehistoriese mense gelewe, wat groter is as wat julle vandag is. Een sterk man het die spies uit klip gevorm en dit was glad en skerp, vandag het dit holtes in en dit is nie meer skerp nie, want duisende jare van water en sand wat daarteen aangestoot het, het die holtes daarin geskep. Die spies is van geslag tot geslag oorhandig, totdat dit in die hande van die laaste eienaar van die spies beland het. In 'n woeste geveg het die spies se steel afgebreek en die eienaar is gedood. Die spiespunt het uit die wond geval nadat die diermens gedood is. En deur water en aardbewings het dit beland waar julle dit duisende jare later opgetel het.

Die spies was so groot dat jy dit nie sou kon optel nie. My lief, maar die mans wat dit hanteer het, was baie kragtig. Die spies was onstuitbaar in vlug en deur die hande van 'n meester van die wapen gevorm en gehanteer. Die spiespunt was aan drie kante skerp, onder was dit plat, aan die kante skerp en dit het met 'n punt na bo geloop en bo was dit ook skerp. Die punt wat jy vandag sien, is baie verweer en het met grote ingeboet, al is dit nog steeds groter as jou hand en swaar.

***Die opdrag deur JaHshua aan Anelda op 7 November 2008:***

Julle moet na Irene gaan om Boeresiele te bevry. Konsentrasiekamp-kerkhof, My kind. Amein.

Met My as die agste Lid, is die span voltallig en sal Ek aan elkeen bekend maak presies wat die taak behels. Onthou om voortdurend voor My te staan. Verenig met My krag voor die môre kom, en laat so die bose heeltemal stom. Amein.

***Woord in verband met die lyding van die volk gedurende die Boere-oorlog, aan Marietha op 17 November 2008, oppad na Irene Kampkerkhof***

Moes so baie leed My volk en kinders tref
Voordat hulle sou besef
Dat jy in leed en pyn
Die grootste krag aantref?

Die besef het ingesink
En voor julle sal nou 'n nuwe toekoms blink
Shalom! Vrede vir julle!
Amein.

***Verlossing, gedikteer aan Anelda: op 17 November 2008***

Ek sal 'n sagmoedige hart laat smelt, My water stroom reeds oor die veld. My Aarde sal weer blom! O, Jubel, berge en bos! Ek, Jahweh, verlos! Ek roep verlossing uit, My boodskappers hardloop wyd en syd en dra My boodskap van Verlossing uit. Ek kom! Amein.

***Woord aan Marietha nadat sy 'n klip van die berg moes afgooi in die rigting van die stad:***

"Soos 'n klip, as iemand dit gooi, vinnig in die diepte afdaal, sal die stad met sy prag en praal vergaan."













